Die einde van 'n era

Aan die einde van die eerste semester het prof WD Jonker uitgetree as professor in die dogmatiek aan die Kweekskool van Stellenbosch. Daarmee is 'n era afgesluit wat een-en-twintig jaar gelede in aanvang geneem het.

Voor hierdie periode het prof Jonker reeds baie bereik. Nadat hy hom gedurende sy studentejare as leier en akademikus onderskei het, het hy gemeentes van die Ned Geref Kerk as leraar bedïen. As jong predikant is daar reeds met aandag, hoewel nie altyd met instemming nie, na hom geluister. Jy kon met die jong aktuaris van die Transvaalse Sinode verskil, maar jy moes kennis neem van sy standpunt. Eintlik het hy nooit opgehou om predikant en kerkman te wees nie. Sy teologie herinner dan ook sterk aan een van die leiers van die sogenaamde "etiese rigting" naamlik JH Gunning, wat geweier het dat hulle hom "professor" noem en verkies het om as "dominee" bekend te staan.

Terselfdertyd is sy teologie gekenmerk deur akademiese diepgang. Sy alsydigheid blyk uit die feit dat hy die leerstoel in kerkgeskiedenis, dogmageskiedenis en kerkreg aan Unisa beklee het en daarna vir 'n aantal jare hoogleraar was in die amptelike vakke aan die Theologische Hogeschool van die Gereformeerde Kerken te Kampen.

Ten spyte van alles wat aan Augustus 1971 voorafgegaan het, het 'n mens tog die gevoel dat dit voorbereidingsjare was vir sy eintlike taak naamlik om professor te word in dogmatiek aan die Kweekskool op Stellenbosch. Hierdie posisie het hom soos 'n handskoen gepas. Sowel die instelling as die plek het sy hart verower. Hier kon hy hom uitleef in die vak wat sy eerste liefde was, naamlik die dogmatiek. Dit is waarskynlik juis hierdie liefde wat hom laat besluit het om enkele jare voor die verpligte aftree-ouderdom uit die voltydse diens van die universiteit te tree. Die groot toewyding waarmee hy ook sy deel gedoen het wat die administrasie van die Universiteit en die Kweekskool betref (bv twee periodes van dekaanskap), het hom tog aan bande gelê wat die beoefening van sy lieflingvak betref.

Die twee dekades waartydens prof Jonker jong manne (en enkele dames) opgelei het vir die bediening, het die kroon gespan op 'n vrugbare en geseënde loopbaan. Gedurende die tyd kon hy sien hoedat die oortuigings wat hom as jong dominee soms in botsing met die amptelike kerkbeleid gebring het, al hoe meer algemeen teologiese besit geword het. Hy kon die vrug van sy arbeid sien ryp word in verskillende besluite wat deur die sinodes geneem is. Hierin het van sy oudstudente dikwels 'n deurslaggewende rol gespeel.

Wat die beoefening van die teologie betref, het prof Jonker nooit die behoefte gehad om "oorspronklik" in die gangbare sin van die woord te wees nie. Wat nuwe teologiese grille betref, het hy graag gewaarsku dat 'n mens nie oor een nag se ys moet stap nie. Die dogmageskiedenis het hy altyd as van die allergrootste belang belang beskou. Die kerk se belydenis was egter nooit vir hom 'n dooie standpunt *waarop* jy staan nie, maar 'n lewende tradisie *waarin* jy staan.

Weliswaar was hy oorspronklik in die sin dat hy telkens sy inspirasie gesoek het by die oorspronge van die Christelike geloof, naamlik die Woord. Bewus van al die metodiese en hermeneutiese probleme wat met Skrifuitleg gepaard gaan, is hy onwrikbaar oortuig van die prioriteit van die Woord wat ons nie met behulp van enige metode in ons greep kan kry nie. Net so goed soos Kuitert het hy geweet dat ons alleen "van onder" kan praat oor die openbaring "van Bo", maar sy aksent het daarop geval dat die kerk alleen met gesag "van onder" kan praat indien hy die bevrydende Woord "van Bo" verneem het.

Prof WD Jonker

In die gereformeerde tradisie met sy spesifieke verstaan van die reformatoriese *particulae exclusivae*, het prof Jonker hierdie bevrydende gesag ervaar. Sy verknogdheid aan die gereformeerde leer het egter geen sweem van sektarisme geadem nie. Die houding van die sogenaamde "gereformeerdes in aanhalingstekens" wat eerder van hoogmoed as van ootmoed getuig, was vir hom 'n aantasting van egte gereformeerde spiritualiteit. Ook wat dit betref is hy veel meer 'n geesgenoot van Gunning as van Kuyper. Hy voel hom tuis in 'n gestalte van die gereformeerde teologie wat deur Van Ruler bestempel is as teologie van die eeue, 'n universeel Christelike teologie. As konkreet historiese gestalte staan

Blaai asseblief na bladsy 10

Prof Willie Jonker - vervolg.

Van bladsy sewe.

immers ook die gereformeerde tradisie onder die kritiek van die solismes waarvan dit getuig. Hierdie oordeel oor alle menslike hubris, wat die hart is van gereformeerde belydenis, het prof Jonker suiwer gepeil. Juis die eksklusiwiteit van die "vrye guns *alleen*", het as keersy die ekumeniese ruimte van genade.

Die gedagte is reeds geopper dat iewers in die toekoms daar dalk 'n WD Jonker-leerstoel in gereformeerde teologie ingestel sou kon word aan ons Kweekskool. Dit sou gepaste erkenning wees vir die rol wat hy in hierdie verband gespeel het.

Gelukkig sal die studente ook nog voortaan lesings van "ons professor" kan bywoon. Sy kollegas koester die verwagting dat hy nou meer geleentheid sal hê om ons teologiese literatuur te verryk met die vrug van sy navorsing.

Ons wens hom nog baie vreugdevolle ure toe op die tennisbaan. En mag die WP-rugbyspan, vir wie hy sonder enige gronde in hulleself, verkies het, hom nog in die nabye toekoms verras.

Prof PF THERON